

# SA Akademie vir Wetenskap en Kuns

## Beursinligting



**Naam en van:** Pieter van der Zwan

**Universiteit:** Pretoria en Wenen

**Meesters:**

**Doktoraal:**

**Postdok:**

**Studierigting:** Ou Testament

### **Titel van Artikels:**

(En in watter Tydskrif gepubliseer)

1. „'n God sonder gesig? Moontlike sielkundige interpretasies vir die verborge God in die Hebreeuse Bybel” in *Pharos Journal of Theology* 98 (2017);
2. „Die onderliggende liggaamsbeelde van die metaforiese gebruik van die woord,  $\text{טף}$ , in die Hebreeuse Bybel” in *Pharos Journal of Theology* 98 (2017).

### **Datum wanneer artikels gepubliseer is:**

Dit was die eerste twee publikasies in Afrikaans in hierdie internasionale vaktydskrif.

### **Gee asseblief 'n kort opsomming (500 woorde) van u studie en ook die uitkomste van u studie wat die Akademie op hul webblad kan plaas.**

1. Volgens sekere gedeeltes in die Hebreeuse Bybel kan 'n mens nie die aanskoue van die (aan)gesig van God oorleef nie. Andersins word weer getuig dat sekere mense die gesig van God wel gesien het, maar dit word nooit beskryf nie, ook wanneer daar selfs gepleit word dat God sy aangesig nie verberg nie, omdat die voortbestaan van alles en almal juis van die positiewe blik van God afhanklik is. Vier moontlike sielkundige verklarings word vir die afwesige gesig van God aangebied: die onsigbaarheid en oënskynlike onbeskryfbaarheid van God se gesig kan uit 'n psigoanalitiese gesigspunt as menslike projeksie van skaamte en skuld vertolk word. Tweedens kon die moontlike falliese aard van God homoerotiese impulse gegee het, wat verdoesel moes word. Derdens is die visueel afwesige God in ooreenstemming met die tweekamerbreinteorie as regressie tot die ouditiewe geïnterpreteer word. Vierdens kan die gesig van God ook 'n onbewuste assosiasie met die son as bewussynssimbool en van sinvolle lewensinsig wat in tye van teespoed verborge bly, gehad het. Wanneer hierdie lig verblindend skerp is, verloor die mens in sy ervaring van God sy sig en vertolk dit as die afwesigheid van God.
2. Benewens verwysings na die menslike liggaamsdeel wat soms antropomorfies op die Godsbeeld geprojekteer word, is die woord,  $\text{טף}$  (hand), ook party keer 'n metafoor in die Hebreeuse Bybel, en dan met 'n betekenis wat in ten minste een van ses moontlike betekenis-kategorieë inpas: eufemisme vir die fallus, sykant van die liggaam, begrensdeheid, onbegrensdeheid, verdeling of kulturele voorwerpe waarvan die gedenkstone veral belangrik is. Soms oorvleuel hierdie kategorieë. Uit elkeen van hierdie metaforiese gebruike kan sekere afleidings gemaak word oor die destydse kollektiewe beeld van die menslike hand wat waarskynlik onbewustelik gebly het, maar tog deur metafore verrai word. Die metaforiese gebruik kan as 'n soort verplasing van die letterlike gebruik beskou word en die soeke na die onderliggende aspek van die hand wat by elkeen betrokke is, is dus eintlik 'n soort “terugvertaling” na die oorspronklike, letterlike betekenis maar gaan selfs verder deur die onbewuste beeld van hierdie liggaamsdeel na te speur.